25 April 2016

Aan elke Vrouelidmaat van die NG Kerk Vrystaat
Spesiale omsendskrywe: Toerustingskursus 17 - 19 Februarie 2017

Dit is vir ons 'n voorreg om bekend te maak dat die jaarlikse Toerustingskursus vir Vrouelidmate in 2017, DV by die privaat wildplaas, AMANZI naby Brandfort, aangebied gaan word. Hoekom 'n voorreg? Omdat ons ervaar het dat by hierdie plek wat WATER beteken, 'n VREDE is wat in die natuur en die hele omgewing voelbaar is, dat hier 'n tasbare rustigheid en kalmte is en dat ons deur hierdie rustigheid, kalmte en VREDE, die mense van AMANZI ervaar het as kinders van ons HEMELSE VADER!!

DATUM: 17 - 19 Februarie 2017
SPREKER: Mnr Rian Truter van Belville in die Wes-Kaap
TEMA: *Briekloos vir Christus*
ROETEAANWYSINGS: https://www.google.co.za/maps/place/Amanzi+Private+Game+Reserve

VERBLYF: Vir besprekings, skakel Marietjie van der Merwe by 076 113 9601

Daar is verskillende tipe verblyf (akkommodasie) beskikbaar:

1. 'n Baie netjiese "koshuis" opset. Ons plaas vier dames in 'n kamer, daar is voldoende spasie. Baie netjiese badkamers met genoeg storte, 'n bad en toilette, geen trappe. Bring 'n waaier saam vir die kamers, ook naby eetlokaal.

Badkamers


Kamers

Persone wat van hierdie akkommodasie wil gebruik maak, is koste R600/persoon
(alle koste vir die naweek ingesluit)

Alle ander akkommodasie is meer luuks en bestaan uit:

a) Kamers met eie kombuis en badkamer
b) Luukse "cottages" vir drie persone (Koninggrote bed en slaapbank)
c) Familie "chalets" waar sewe, maksimum nege persone kan slaap (twee kamers met koninginggrote beddens vir twee vroue – elkeen met 'n eie badkamer en nog 'n slaapkamer met trappe en vier beddens (onthou die trappe)
d) Chalets vir twee persone (geen trappe)
e) Gastehuiskamers (trappe)

Persone wat van hierdie akkommodasie wil gebruik maak, is koste R750.00/persoon (alle koste vir die naweek ingesluit)

Hoe werk die besprekings:

1. Alle besprekings open op **1 Mei 2016**
2. Skakel **Marietjie by 076 113 9601**
3. Vind asseblief uit oor trappe in die chalets en gastekamers (vir diegene wat nie trappe kan klim nie).
4. E-pos die besprekingsvorm na: vrouelidmate@gmail.com. ***Geen besprekings sal gedoen word sonder besprekingsvorm nie.***
5. Doen die betaling – ***geen bespreking is bevestig sonder die betaling nie.***
6. **Kansellasies** (skriftelik na e-pos adres) kan tot 31 Desember 2016 (maw ses weke voor die tyd) gedoen word, met terugbetaling van geld - ***na 31 Desember 2016 sal geen terugbetalings gedoen word nie!*** (Kry iemand of 'n gemeente in jou plek). ***Geen telefoniese kansellasies sal aanvaar word nie.***
7. Dit is moontlik dat jy dalk n "groot" bed sal moet deel – vind dus eers uit voordat jy bespreek sodat vriendinne ten minste 'n kamer deel!
8. Dit is ook moontlik dat "chalets" nie deur een gemeente alleen gevul word nie en sal ander persone dan bygesit word om die akkommodasie alles gevul te kry. Alle akkommodasie sal uitgesorteer word deur die persoon wat die bespreking namens die gemeente hanteer – indien dit dus die skriba van die gemeente is, sorg asseblief dat hy/sy spesiale aandag aan die bespreking verleen.

Die besprekingsvorm is hierby aangeheg – indien al die vrae uitgesorteer is en 'n gemeente tevrede is met die bespreking, word die vorm ingevul en per e-pos gestuur na vrouelidmate@gmail.com tesame met die betalingsbewys.

Soos ek aan die begin genoem het: **Hierdie is 'n voorreg.** Word nou reeds deel daarvan deur saam met ons te bid vir hierdie naweek!

Tot volgende keer...

Anso Steyn
Voorsitter Vrouelidmate Vrystaat